

INSTITUUT VIR EIETDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron
nr.
0, 0, 4, 3

Datum
9, 8, /, /, / 0, 3, / 4

Onderwerp
nr.
8, 1

Knipsel
nr.
1, 1, /, /, 9

10 NOV 1998

DIE BURGER

Jg. 84 Nr. P. 2 Dat.

Sasria gekap oor laer reserwes

Hein Swart

KAAPSTAD. – Die Departement van Finansies het gister kritiek uitgespreek oor die manier waarop Sasria die laaste paar jaar te werk gegaan het om sy groot opgehoopde reserwes te verklein.

Hoewel hy Sasria nie regstreeks daarvan beskuldig het dat hy dit met opset gedoen het om die Regering se planne met dié versekeringsgroep in die wiele te ry nie, het hy 'n skaduwee gewerp oor die metodes wat hy aangewend het om die berge geld waarop hy gesit het, kleiner te maak.

Die Nasionale Vergadering het verlede week die Wetsontwerp op die Omsepping van Sasria goedgekeur. Dit moet later vandeeweek ook nog deur die Nasionale Raad van Provinsies goedgekeur word. Ingevolge dié wetsontwerp gaan Sasria van 'n maatskappy sonder winsbejag omgeskep word in 'n openbare maatskappy, waarna die Regering 'n

deel van sy reserwes gaan aanwend om staatskuld te verminder.

Mnr. Coen Kruger, hoof van die Departement van Finansies se afdeling vir bate- en lastebestuur, het aan die raad se Gekoste Komitee oor Finansies gesê die departement het geen probleme met die manier waarop Sasria bestuur word nie. Dit is intendeel baie goed. Sy geld word ook wys belê.

Die departement is egter baie krities oor Sasria se premiebeleid. Dié beleid kom daarop neer dat Sasria doelbewus probeer om sy reserwes te verklein. Hy doen dit deur premies te verlaag ondanks groter eisuitbetalings. Hy het sy premies die afgelope twee jaar reeds met nie minder nie as 70% verlaag en was van plan om dit in Januarie verder te verlaag.

Sasria se verweer teen die Regering se planne was egter dat hy te min reserwes het om moontlike toekomstige eise te kan uitbetaal en dat hy dit nie kan bekostig om 'n deel daarvan af te staan nie.

Sasria het ook aangevoer dat hy in so 'n geval verplig sal word om sy premies met tot 500% te verhoog om sy reserwes weer op te bou.

Volgens Kruger word 'n premiestyging nie uitgesluit nie. Dit sal egter nie van dié omvang wees nie, en ook nie om hierdie rede alleen nie.

Volgens hom beskik Sasria tans oor reserwes van R9 miljard. Dit is gelyk verdeel tussen staatseffekte, genoteerde aandele en geldmarkinstrumente. Voor die ineenstorting van aandeelprijs het die reserwes op R12 miljard gestaan. 'n Onafhanklike aktuaris sal later besluit watter deel van die R9 miljard die staat moet toekom.

Afgesien van dié bedrag, sal die staat in 'n latere stadium 'n bykomende bedrag uit Sasria kan verdien sodra die groep geprivatiseer word.

Ook hierdie geld sal gebruik word om staatskuld te verminder. Die huidige monopolie van Sasria sal terselfdertyd verbreek word.

TREFWOORDE

1 Sake Burger

2 Dept. Finansies

3 Verhouding

4 Sasria

5 Omlaag

6 Reserwes

7 Staatseffekte

8

9

10